

23 Augustus

Eksodus 12:1-3, Josua 5:2-12

(Teks: 12:2; 5:10)

God maak klaar wat hy begin het

Die uittog het 'n nuwe tydperk in Israel se geskiedenis ingelei. Hulle het vrylating gekry uit Egipte se slawerny en hulle kon uitsien om in Kanaän - die land wat God self aan hulle beloof het - te woon. Hierdie nuwe tydperk het gepaard gegaan met 'n nuwe jaartelling. 'n Nuwe kalender moes begin word. Paasfees was die eerste groot godsdienstige fees op hierdie nuwe kalender.

Na die uittog het die Israëliete veertig jaar lank in die woestyn rondgetrek. Daarna het hulle vroeg in die nuwe jaar (volgens hul nuwe kalender) Kanaän ingetrek. Weer was Paasfees die eerste godsdienstige fees. Die Paasfees het die uittog begin en dit ook afgesluit met die intog in die Beloofde Land.

Baie jare later het die nuwe jaartelling, wat met die eerste Paasfees begin is, se volle betekenis duidelik geword. Ons Here Jesus is as God se Lam ook met 'n Paasfees geslag. 'n Nuwe tydperk het aangebreek: die verlossing uit die sonde se slawemag. Ons Here het ons verlos uit die mag van Satan en ons sy eiendom gemaak. Hy wil hê dat ons nou as vrymense tot sy eer sal leef.

Natuurlik sondig ons nog elke dag. Gereeld tree ons eerder op soos slawe van sonde en nie soos vrygekoopte mense nie - soos die Israëliete destyds gedoen het toe hulle kort-kort terugverlang het na hul dae van slawerny. Tog het ons die versekering dat God ons verlossing heeltemal sal deurvoer - soos Hy met die Israëliete gedoen het toe Hy hulle aan die begin van 'n nuwe jaar in Kanaän ingelei het. Ons verlossing sal voltooi word met die tydperk wat sal aanbreek wanneer ons Here Jesus weer kom en ons saam met Hom Paasfees, nee Nagmaal, nee bruilofsmaal sal vier!

Sing Skrifberyming 29:6 en 8

Ds. E. J. de Beer (Laeveld)